HOËRSKOOL TRIO JAARVERSLAG 2022
TRIO HIGH SCHOOL ANNUAL REPORT 2022

INLEIDING

Die pen is matiger as die swaard …

Hierdie woorde weeg swaar op my as ek in ag neem dat ek die eerste voorwoord van die TRIO JAARVERSLAG 2022 mag skryf… wat 'n voorreg! Daarom sou ek graag ikoniese woorde in jul midde wou laat, woorde wat inspireer, wat ontroer, wat bemagtig. Sou ek woorde wou los in hierdie uitgawe wat oor 20 jaar die dankbaarheid en genade wat ek nou ervaar, kon weerspieël.

Diegene van u wat my goed ken, weet egter dat ek 'n man van min woorde is - maar dat my dankbaarheid aan die einde van TRIO se eerste bestaansjaar, nie min is nie.

Ek bring graag met hierdie jaarverslag hulde aan elke persoon (leerder, ouer, onderwyser en Beheerliggaamslid) wat saam die visie van TRIO gesien het. Daar was en is verseker nog baie uitdagings en harde werk wat vir ons voorlê, maar ek is dankbaar vir elkeen se vertroue in my en my span.

We had many highlights during the year. The pages that will follow are telling examples of the remarkable achievements and strides that we have already made. Hard work and determination from our learners supported by dedicated teachers and coaches ensured that TRIO is now a name that is associated with excellence!

We are committed to living the values symbolized by our emblem: A crown – because we work with the jewels of God's Kingdom, the three stripes – that reminds us of the Holy Trinity and lastly, the centre – a daily reminder that God is the centre of everything and the guidance that leads us.

VOORSITTER BEHEERLIGGAAM - COBUS VAN COLLER

ń Onseker 2022 met vele uitdagings het Trio begroet, maar met ongelooflike leierskap en deursettingsvermoë het Trio getriomfeer. Trio het waarlik bo sy vermoë presteer. Alle dank en eer aan ons Hemelse Vader wat Trio geseën het vir meer as wat ons voor gevra het.

If you fail, never give up, because **F.A.I.L. means** "**First Attempt in Learning**".

End is not the end, infact **E.N.D.** means "**Effort never Dies**".

If you get No as an answer, remember **N.O.** means "**Next opportunity**".

SoTrio, let's be positive.

Besondere dank aan mnr. Kachelhoffer, personeel en mede-beheerliggaamslede vir die ondersteuning en uitmuntende wyse waarop vele uitdagings hanteer is.

Matrieks! Julle is ongelooflik! Dankie dat julle ten spyte van baie druk, opgestaan het en ń voorbeeld was vir elke leerder van Trio.

Learners of TRIO. The future is yours. Take challenges with both hands and make TRIO your home forever.

Dié hoogtes wat bereik is sou nie sonder Trio ouers, borge en ondersteuners se ondersteuning moontlik gewees het nie, baie dankie!

Net soos ń Trio dit kan doen. Kom ons vat hande, pak 2023 nederig aan met ń vaandel van hoop en wees ligdraers van God.

Trots TRIO!

PERSONEEL: AKADEMIES EN NIE-AKADEMIES

Na die totstandkoming van Hoërskool Trio aan die begin van 2022, sien ons personeel as volg daarna uit:

Senior bestuur:	8
Posvlak 1 Onderwysers:	49
Administratief:	12 (Kantoorpersoneel, Bemarking, Fotokopiëring, Klerewinkel)
Kombuis/Terrein:	15
Koshuis:	20
Boerdery:	14
Landbousentrum:	12

Dit gee ons ‘n totaal van 130 personeellede in diens van Hoërskool Trio.
Die samesmelting het tot groot uitdagings gelei, maar almal het 100% hul kant gebring.
Hartlik geluk aan mev Carnia Prinsloo met die geboorte van hul seuntjie, Ludwig.
Mnr Jurie vd Walt gaan aan die einde van die jaar aftree. Ons hartlike dank vir 42 jaar onbaatsugtige diens aan die onderwys gelewer. Ons glo die aftrede gaan vir hom tot groot seën wees.
Ons neem ook afskeid van mnr Japie Faasen, wat ons verlaat en ‘n pos in Pretoria aanvaar het. Baie dankie ook vir u aandeel by ons skool.
Ons is trots op elke personeellid wat ons op verskeie sport- en kultuurgebiede op komitees verteenwoordig asook personeel wat in hul persoonlike hoedanigheid prestasies en toekennings behaal het.
Baie dankie aan elke personeellid se harde werk en toewyding. Ons sien uit na 2023!

VRL/RCL 2022

Mnr. en Mej Trio

Die tweejaarlikse Meneer en Mejuffrou Trio kompetisie is vir die heel eerste keer op 11 Maart 2022 aangebied. Hierdie geleentheid wat deur die leerderraad aangebied word, het die skool se vierkant in ’n “straat in Rome” omtower. Gaste kon heerlik smul aan biscotti, Italiaanse sjokolade en pizza. Die top 20 deelnemers is bederf met ’n ete, ’n stylkonsultasie aangebied deur Nicque Robinson (Sarie voorbladgesig wenner 2020) en ’n fotosessie deur Just Jordan fotografie. Die pragaand is in drie afdelings verdeel, waar deelnemers as gladiators en godinne aangetrek het, sowel as in hulle alledaagse klere sodat die beoordelaars en toeskouers hulle bietjie beter kon leer ken en natuurlik het hulle ook in hulle formele drag toeskouers betower. Nadat die top 5 aangekondig is, moes dié deelnemers kopkrap met vrae deur die vier beoordelaars, naamlik: Nicqie Robinson, Caylé Potgieter (Mej. NWU 2020), Stefan Lotter (OFM Omroeper) en Lara Jonker (bekende fotograaf). The participants did an excellent job and Burnette Staal and Tertius Brink were announced as second prince and princess; Nicca Thompson and Jandré Venter first prince and princess and Othy Kipulu and Megan van Biljon as Mr. and Miss. Trio. After the competition, the top five girls also got the wonderful opportunity to wear the designs of world-famous fashion designer, Jolaché Couture, during a fashion show at the hockey high tea.

Temaweek/Theme Week

Die leerders kry ook die geleentheid om volgens die verskillende dekades aan te trek, wat heel gepas gevolg word deur ’n sokkie met ’n Grease-tema. Die week se pret sluit ook ’n glansryke Artesaand in en word afgesluit met ’n prettige kleurfees. Theme week took place from 15 to 19 August 2022, where the matrics were given one last opportunity to have fun before the toil and sweat of their record exam began. The learners first got the opportunity to dress like any culture and everything from traditional African attire to Japanese attire were on display. Another theme that made heads turn is that of "No degree, Plan B", on that day quite a few "beggars and construction workers" showed up at Trio.

BOERDERY

Trio Boerdery kon die afgelope seisoen nie al die hektare plant wat aanvanklik beplan is nie, as gevolg van die baie reën en ‘n probleem om trekkers geleen te kry.
Met die hektare wat egter geplant kon word, is die Boerdery baie geseën. Sojabone is 50ha aangeplant wat ‘n oes van 2.64 ton/ha opgelewer het. Sonneblom is 162 ha aangeplant, wat ten spyte van baie voëlskade, ‘n oes van 1.42 ton/ha opgelewer het. Mielies is 52 ha aangeplant, wat ‘n oes van 6.71 ton/ha gelewer het. Met die goeie opbrengste, kon die Boerdery ‘n John Deere 7230 vir hom aanskaf.
Suffolk Stoet bestaan tans uit 75 diere. Tydens die jaarlikse Efficient Genes veiling wat op die perseel gehou is, het die Boerdery 3 ramme verkoop en 1 ooitjie aangekoop. Suffolk telers is so beïndruk met die vordering van die Trio Suffolk Stoet, dat die Boedery 5 ooitjies van 3 telers ontvang het tydens die Nasionale Suffolk veiling in Bloemfontein. Na afloop van die lamseisoen, kan die Boerdery spog met ‘n lampersentasie van 164%.
Die Santa Gertrudis Stoet bestaan huidiglik uit 49 diere. Besondere welslae is tydens die Bloem Skou behaal waar VBS1809 aangewys is as Jaargroep-, Senior- en Raskampioenbul. Tydens die Santa 3-in-1 veiling is twee bulle verkoop en kon die boerdery twee dragtige verse (wat onlangs by ons gekalf het) aankoop.
Kommersiële Merinokudde bestaan tans uit 115 diere. Die Merinos word aangehou om die Wolkursus vir Landbouleerders aan te bied. Ons het ‘n 142% lampersentasie waarvoor ons baie dankbaar is.
Kommersiële beeste is huidiglik 58 kruis koeie wat loop op die weidingsplaas, Ruspan. Die skool se Santa bulle word gebruik vir die kommersiële koeie.

AKADEMIE

Academic excellence has always been a major driving force in the establishment of Trio High School. We are privileged to build on the matric results of the class of 2021.

AHS Kroonstad kon spog met ‘n slaagsyfer van 100%. Die top-kandidaat was Sanita Claassen met 4 onderskeidings.

Hoërskool Kroonstad behaal ‘n slaagsyfer van 96%. Die top-kandidaat was Mia-Marie Campher wat ‘n spoggerige 7 onderskeidings behaal het. The 188 matric candidates for 2022 are currently hard at work for their final examination and we wish them all luck.

Aan die begin van die 2022 akademiese skooljaar is Robotika vir die 1ste keer aangebied as ‘n keuse vak vir ons Gr 8’s. Dit het tot gevolg dat die Gr 8 vakkeuse pakket uitgebrei is na drie verskillende keuse vakke: Tegnologie, Landboubestuurspraktyk en Robotika. Hierdie vakkeuse sal dan in 2023 verder uitgebrei word om ‘n tegniese vak in te sluit.

Hoërskool Trio bied tans 27 keuse vakke aan vir leerders in Gr 10 – 12. Die keuse van vakke kan moeilik wees vir ouers en leerders. Om hierdie proses te vergemaklik bied die skool aanlegtoetse aan vir alle Gr 9 leerders en volledige terugvoer word aan ouers gegee op die vakkeuse aand. Ons bedank vir Zandri Grimbeeck vir haar professionele en waardevolle bydrae in hierdie verband. Trio High School also assists in organising Career guidance and Study methods workshops for learners in Gr 10 – 12.

We would like to thank all of our teachers, students and parents for their hard work and dedication during the course of 2022.

TEGNIESE ONDERWYS

Technical subjects are regarded as scarce skills subjects and training of artisans is an urgent priority in SA. The current NDP target for the country is to produce 30 000 artisans per year by 2030. The contribution of technical schools in meeting this target is of great importance.

Specialization in technical subjects in school form part of the national strategy to ensure that the above-mentioned targets are met. Trio High school is fully committed to play its part to ensure that the country meets the set targets.

Dit is belangrik dat ouers hul kinders moet motiveer om tegniese vakke te neem omdat daar ‘n ongelooflike tekort aan technici daar is ook ongelooflik baie geleenthede. Daar is weekliks persone wat die skool kontak vir verwysings asook om te hoor of daar nie leerders is wat moontlik nog nie werk het nie.

Ons sal weer moet leer om dinge vir onsself te doen en waar is ’n beter plek as hier by Hoërskool Trio.

Die tegniese-afdeling dek verskeie beroepsvelde en gevolglik is hierdie leerders in groot aanvraag. Trio se leerders het ook verseker ’n drie jaar voorsprong indien hul ’n tegniese beroep oorweeg weens die blootstelling wat hulle reeds in tegnies gehad het.

Graag wil ons ons dank aan die tegniese personeel uitspreek vir die ongelooflike werk wat hulle doen. Wees verseker van gehalte onderwys by Hoërskool Trio. Ons is trots op die gehalte werk wat ons lewer en ook die kinders wat deur die personeel se hande gaan.

LANDBOU-ONDERWYS

Die Hoërskool TRIO is een van die min skole in die Vrystaat wat ‘n volledige landbou-studierigting vir graad 10 - 12 leerders aanbied. Hierdie leerveld bestaan uit 3 landbouvakke, naamlik Landboubestuurspraktyk, Landboutegnologie en Landbouwetenskap. Leerders wat belangstel in die landbouleerarea word reeds in graad 8 en 9 blootgestel aan landbou en vorm die vak Landboustudies deel van hul vakpakket.

Landbouwetenskap bied ‘n goeie teoretiese agtergrond aan leerders wat verder in die Landbou wil studeer. Die studieveld handel oor Landbou-ekologie, Basiese Chemie, Grondkunde, Diere- en Plantstudies, Genetika, Optimale Hulpbronbenutting en Landbou-ekonomie. Vir die meer praktiese ervaring rondom die boerdery lewer Landboubestuurspraktyk ‘n groot bydrae. Die normale bestuurspraktyke van mielie-, skaap- en vleisbeesboerdery, weiding en voerproduksie word bestudeer. In die vak Landboutegnologie word die teken en optrek van plaasgeboue, draadspan, betonwerk, sweiswerk, kennis van enjins, hidrolika, ens. deurlopend aangebied.

Landbouleerders word aan die verskillende vertakkinge van die skool se boerdery blootgestel. Leerders doen op ‘n rotasiebasis praktiese opleiding op die plaas, dit vorm deel van hul praktiese assessering vir die vak Landboubestuurspraktyk.

Verskeie kursusse wat deur deskundiges aangebied word, word deurloop. Dit sluit in vleisbeesbeoordeling, Kunsmatige Inseminasie, skaaphanteringskursus, skaapbeoordeling, wolklassering, profielgat-ontleding, Safex-bemarking en verskeie ander. Leerders besoek ook verskeie boeredae / inligtingsdae om hul kennis verder te verbreed soos die Pannar Gewas Extravaganzadag, TRIO se Groendag Boeredag, demonstrasies oor bewerkings met implemente en trekkers, ensovoorts.

Die landboudepartement beskik oor gekwalifiseerde landbou-onderwysers wat met hul kundigheid die landbouleerders onderrig en voorberei om hul plek volwaardig in die toekoms in die landbou te vervul.

Volhoubare landbou-onderrig is uiters noodsaaklik omrede daar al hoe groter druk op landbouers geplaas word om voedselsekerheid te verseker. Hulpbronne vir die landbou is besig om te degradeer en drasties te verminder. Landbouers moet dus met kwynende hulpronne tot hul beskikking al hoe meer produseer om in die behoeftes van die groeiende bevolking te kan voorsien. Dit is 'n geweldige groot taak en verantwoordelikheid wat op die toekomstige landbouers berus.

"So nodig soos wat brood is vir die lewe, so broodnodig is landbou vir die toekoms".

LANTIES-BOEREVERENIGING

Ongeveer 75 leerders in graad 8 – 12 is by hierdie aktiwiteit betrokke. Die doel van die boerevereniging is om die verryking van die landbouleerders te bevorder. Verskeie boeredae / inligtingsdae word deur die landbouleerders bygewoon, gevolglik geskied minstens een aktiwiteit per kwartaal deur die boerevereniging.
Learners attended activities relevant to their grades and syllabi. A definite highlight was the visit to the Nampo Harvest Day.
Die volgende besoeke het deel van die vereniging se aktiwiteite uitgemaak:

- PIONEER DAG by Hannes van der Merwe
- PANNAR GEWAS-EXTRAVAGANZA: Saadbeskerming en –tegnologie, bestuur van siektes en kultivarkeuses.
- TRIO GROENDAG
- KROON SANTA KLUB: Fase D groeitoets vir bulle.

LANDBOU-JEUGSKOU

Die Jeugskou kweek 'n omgee en verantwoordelike houding in jongmense teenoor diere. Jongmense leer om 'n geskikte dier te selekteer, op te lei, voor te berei vir die ring en te vertoon tot die beste voordeel van die dier.
Kompetisie van die Jeugskou bestaan uit die volgende afdelings:

- Omgee en gemak van die dier tydens die skou (beskikbaarheid van voer en water, netheid van stal, ensovoorts).
- Kennis van die dier se behoeftes en praktiese aspekte van opleiding en voorbereiding.
- Voorbereiding van die dier vir die skouring (was, borsel, versorging van hoewe, ensovoorts).
- Skoumanskap in die ring.

Die volgende Jeugskoue is vanjaar in samewerking met die TRIO se Jeugskouklub by die boerdery aangebied:

- Vrystaat Jeugskou-opleiding
- TRIO Jeugskou Kampioenskap
- Vrystaat Jeugskou Kampioenskap

Leerders het ook aan die Lantiesfees Jeugskou te Reddersburg deelgeneem.
Twaalf van ons leerders word gekies vir die Vrystaat Jeugskouspan wat aan die Nasionale Jeugskou Kampioenskappe deelneem te Lichtenburg vanaf 2 tot 5 Oktober. Verskeie leerders moes egter noodgedwonge onttrek as gevolg van skool- en ander buitemuurse aktiwiteite.

TRIO-SWEEPSLAGSPAN

Hoërskool Trio het vanjaar begin met georganiseerde sweepslag. Die sweepslagspan het opgetree by die volgende geleenthede:

- plaaslike 1ste rugbyspan wedstryde
- reünies
- opedae
- ander bemarkingsgeleenthede van die skool

Ons opregte dank en waardering aan Platinum Agri Makelaars vir die borg van die swepe en spandrag.

LANDBOU SKOUSPANNE (TRIO SANTA GERTRUDIS EN TRIO SUFFOLK)

Die uitbraak van Bek-en-Klouseer het 'n groot impak gehad op die aanbied van skoue en veilings. Verskeie protokols moes gevolg word vir die bywoning van skoue en veilings soos:

- kwarantyn van diere
- 28 dae observasie periode van die betrokke diere
- Bio-sekuriteits Veeartsverklaringsvorm.

Dit het daartoe gelei dat verskeie skoue gekanselleer is omrede:

- daar 'n ekstra koste-implikasie is vir die ondersoek van die diere
- telers nie hul kuddes wou blootstel aan die moontlike infestasie van die siekte in hul kudde nie (indien 'n dier besmet is, word die hele kudde onder kwaratyn geplaas vir 6 weke. Na die periode van 6 weke verstryk het, word alle diere uitgeslag).

Die Suffolk Noordelike Kampioenskappe te Hertzogville, het plaasgevind voor die "beperkings op die beweging van diere". Alhoewel Trio hier geen plekke behaal het nie kon ons, ons leerders weer die nodige blootstelling gee vir deelname aan landbouskoue en was dit 'n goeie bemarkingsgeleentheid vir die boerdery en skool.
Die Trio Suffolk-skouspan het die nodige protokols gevolg en het aan die Suffolk Nasionale Kampioenskappe te Bloemfontein deelgeneem. Twee van die Suffolk ooie ding mee in die klas 9 - 12 mnde en behaal 'n 1ste en 2de plek.
Die Santa Gertudis Kampioenskap te Vryburg is gekanselleer a.g.v. die uitbraak van Bek-en -Klouseer en kon ons dus nie deelneem nie (Trio was die enigste Santa-teler wat bereid was om die nodige protokols in plek te kry vir die deelname).
Die Santa Gertudis Kampioenskap tydens die Bloemskou was ook in die weegskaal omrede daar slegs 3 telers was wat bereid was om deel te neem. Trio Santas het egter voet by stuk gehou en daarop aangedring dat hulle wil deelneem. Gelukkig is die bordjies verhang en het van die ander telers ook aangedui dat hulle sal deelneem. Die

deelname aan die Bloemskou was vir Trio Santas 'n hoogtepunt wat nie weer maklik in ons kudde geëwenaar sal word nie. Ons neem deel met 3 verse en 3 bulle en behaal die volgende plekke:

- Verse 15 - 18 mnde: 1ste plek
- Verse 18 - 21 mnde: 4de en 5de plek
- Bulle 24 - 30 mnde: 2de plek (VBS 190008)
- Bulle 3 - 4 jaar: 1 ste plek (VBS 180009)

VBS 180009 was die Senior Kampioenbul en word ook aangewys as die Ras Kampioenbul. Hierdie is voorwaar 'n baie groot prestasie as 'n mens in ag neem dat die kudde slegs 5 jaar oud is en ons met ou gesoute telers meeding wat oor jare se ervaring en genetika beskik.
VBS 180009 ("Champ") se saad is getap na Dr. Brendan Venter en sy vrou Anneme ons genader het om van Champ se saad te bekom. Van die strooitjies is aan die telers wat aanvanklik vir ons verse geskenk het met die afskop van die projek geskenk. Trio boerdery het ook van sy strooitjies gehou wat ons op ons eie aanteeldiere in die komende dekseisoen gaan gebruik.
'n Verdere eer het die boerdery te beurt geval toe VBS 180009 en VBS 190008 verkoop is op die Santa 3-in-1 veiling. Die bulle is verkoop vir onderskeidelik R95 000 en R45 000.
Ons opregte dank en waardering aan die volgende maatskappye:

- TAU-voere wat behulpsaam was met die afrond van die skoubeeste
- Telwiedré voer wat behulpsaam was met die afrond van die skouskape
- Agri Seker vir die borg van die Santa Gertrudis-skouspan se drag en gazebo
- Zoetis vir die borg van die Suffolk-skouspan se drag en gazebo.

LANDBOUSENTRUM

1. Personeel:
   a. Vanaf 1 September is daar weer voltyds ‘n wag aan diens by die hoofingang
   b. Twee addisionele personeel is aangestel vir die wagdiens. Daar is met De Beers onderhandel en dra hulle die koste
2. Alle finansiële aangeleenthede word streng bestuur en is gesond

a. Die hittepomp wat onklaar geraak het is steeds in proses by die versekering. Die vervangingskoste is R 136,000.00. Die versekering het die eis en appel reeds 3 x afgewys maar is ons steeds besig om dit teen te staan

3. Ons is besig om ‘n baie goeie verhouding met al ons nuwe en bestaande kliënte te vestig en verder uit te bou
4. Verskeie verskillende tipes groepe wisselend van 12 tot 500 is deur die jaar ontvang en was alles suksesvol hanteer
5. Die Finansiële Komitee het die huur tariewe aangepas en alle kontrakte wat tot op datum verval het is geteken.
6. Besetting van huise en woonstelle was goed deur die jaar en is probeer om huurders so spoedig moontlik te vervang.
7. Infrastruktuur en terrein:
   a. Baie is op die terrein gedoen en word daar gevorder om die toestand van die terrein en geboue konstant te verbeter.
   b. Daar word deurgaans gewerk om die terrein netjies te hou
   c. Normale instandhouding en onderhoud word deurgaans gedoen
   d. Die warmwaterstelsel is besig om van ouderdom baie probleme te gee en sal dit aangespreek moet word
   e. Dieselfde is ook aan die gebeur met die totale waterstelsel en dreinering
8. Die proses om geleidelik die matrasse te vervang moet weer begin
9. Alle aangeleenthede rakende die terrein word bestuur en hanteer

Alle terugvoer van groepe wat gebruik gemaak het van die fasiliteite was van hoogste lof. Daar is baie werk wat nog gedoen moet word en, ongeag struikelblokke wat nou en dan kop uitsteek, is almal by die Landbousentrum positief. ‘n Hartlike woord van opregte dank aan elkeen wat, op welke wyse ookal, deur 2022 ‘n positiewe bydrae tot die Sentrum gelewer het.

OLIMPIADES

Die deelname aan olimpiades verbeter leerders se akademiese vaardighede en help om op ‘n hoë vlak te dink. Olympiad encourages learners to do research on the specific subjects and therefore we encourage participation in academic competitions and Olympiads.
Trio Hoërskool het 2022 aan verskeie olimpiades deelgeneem. Ons het deelgeneem aan Rekeningkunde-, Lewenswetenskappe-, Fisiese wetenskappe-, Natuurwetenskappe- en Wiskunde olimpiades.
Alle uitslae is nog nie ontvang nie maar daar is reeds verskeie uitstekende prestasies deur ons leerlinge behaal.

Proverto National High School Accounting Olimpiad

One learner achieved the second round.

Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade

Daar neem baie leerders deel aan die olimpiade en 8 leerders dring deur na die volgende rondte.

Fezile Dabi Wiskunde Olimpiade

Daar neem 29 leerders deel aan die tweede rondte en 1 leerder dring deur na die Vrystaat Wiskunde kompetisie.

DRAMATIESE KUNSTE - GR 10 - 12
Dramatiese Kunste word as 8ste vak by Hoërskool Trio aangebied. Drama is besig om al hoe gewilder te raak en die aantal kinders wat dit as vak neem, vermeerder vining. Klasse word deur mev Carnia Prinsloo en mnr Jay-Dee Conradie aangebied. Ons hoop om meer leerders te verwelkom in hierdie vak siende dat dit 'n Universiteitsvrystellingsvak is. Daar word beoog om in 2023 meer geleentheid aan leerders te gee waar hulle op die verhoog te siene sal wees. Hul gaan deelneem aan FAK-toneelfees sowel as ATKV-tienertoneel.
Trio se graad 12-leerders het baie goeie terugvoering en punte behaal tydens die praktiese eindeksamen en die standaard is hoog. Ons is trots op elke leerder en sien baie uit na die nuwe jaar wat voorlê.

ACAPELLA
Hierdie jaar was 'n eerste vir die Acapella-groep by die skool. Die groep bestaan uit 20 leerders wat 'n passie het vir sing. Die afrigters is mnr Charl vd Merwe en mev Carmen le Roux. Hierdie jaar was uitdagend omdat dit 'n jong groep leerders is en dit die eerste keer is wat dit by die skool aangebied word. Ons het opgetree by mnr en mej Trio en by die Opedag gesing. Ons het vanaf Februarie elke Woensdag van 15h15 tot 16h45 geoefen. Ons is opgewonde op hierdie groep leerders vorentoe te vat en hoopvol om in die toekoms, wanneer die groep die nodige selfvertroue en vaardighede het, by meer geleenthede op te tree en aan meer kompetisies deel te neem.

VOORTREKKERS
Kroonkommando
Vanjaar was 'n geseënde jaar vir Die Voortrekkers. Ons het afgeskop met 'n toekennings- en verwelkomings-funksie vir al die ouers. 'n Groot aantal Verkenners kon die provinsiekampe in die Maartvakansie, die Winterkamp en Seejol te Hartenbos bywoon. Ook is die Jeugberaad en Jeugleierskeuring goed ondersteun. In die kommando is verskeie spesialisasiekursusse aangebied soos die Vlak 1 Noodhulpkursus en Motor-werktuigkunde. Daar was verskeie uitreike in die gemeenskap na onder andere die Brandweerstasie en sopvoorsiening aan ENGO. Ons het 'n kerkparade op Hemelvaart gehou en deelgeneem aan kransleggings-geleenthede by die Konsentrasiekampkerkhof op Jeugdag en 16 Oktober met die afsluiting van ons kom-mandokamp met die tema Die Anglo-Boereoorlog. Ons is baie trots op ons Presidentverkenners (Estelle Pretorius, Corlia van Zyl en Nathan Flemix) wat die nasionale Presidentverkennereksamen geslaag het en die Presidentverkennerwebinaar bygewoon het. Die offisiere het ook gehelp met die aanbieding van die Vrystaatse PV-toekenningsfunksie. Leané Labuschagne is as een van die ses Vrystaatse Jeugleiers aangewys. Van ons offisiere dien in Gebiedskomitees en het verskeie kursusse bygewoon. Baie dankie aan elke Verkenner, offisier en ouer vir toewyding en lojale ondersteuning om ook ons konsekwente Christenskap, moderne Afrikanerskap en positiewe Burgerskap uit te leef.

KLEREWINKEL
Ons is baie trots op 'n pragtige klerewinkel, en soos enige nuwe besigheid het ons 'n paar harde klippe gekou aan die begin van die jaar. Dankie vir elkeen se geduld om hierdie diens wat ons aan ons ouers en kinders bied 'n kans te gee.
Nuwe voorraad vir 2023 gaan binne die volgende maand op die rakke wees.
From January 2023, no previous school uniform will be worn anymore. Our new school clothes are really something we can be proud of.

REDENAARS
RADIKALE REDENAARS
Die jaarlikse Radikale Redenaars kompetisie was 'n groot sukses vir Trio. Daar het 48 sprekers deelgeneem en altesaam het hulle 59 simbole losgeslaan. Die volgende leerlinge het puik presteer en het deurgedring na die Nasionale uitdunne wat op 22 Oktober plaasgevind het: Roanke Bouwer, Miya Jordaan (moerdertaal en eksperimenteel), Katya Steyl, Liebré Potgieter, Mamello Ramasia en Osiame Qakoshe.
ATKV-REDENAARS.
Trio se ATKV-Redenaars het hierdie jaar aan 'n skoolrondte, ter voorbereiding vir die kompetisie deelgeneem, en weereens bewys waar Dawid die wortels gegrawe het! Tydens die eerste uitdunronde te Welkom het die volgende leerders puik presteer:
Gr 8-9 Voorbereid: Kaylie Steyl en Lelanie Esterhuizen (behaal 7de plek)
Gr 10-12 Voorbereid Nieke Botha**,** Miya Jordaan (behaal 8ste plek)**,** Liebré Potgieter (behaal 3de plek)
Gr. 10-12 Onvoorbereid: Liebré Potgieter (behaal 5de plek).

LEERMATERIAAL
Soos vorige jare beslaan die aankoop van nuwe handboeke is groot deel van die skool se begroting. Leerders wat nie hulle handboeke begin van die jaar met dik, nuwe plasties oortrek nie, is die groot sondebokke en sterk nie ons hande in hierdie saak nie.
Books should be covered yearly with new plastic and well looked after – the problem is that some learners think it is their right to receive books well looked after, but they do not keep their books in an excellent condition. A big problem in this regard is the book cases which is not sturdy enough. If everbody takes responsibility for their own text books a lot of money can be channelled to other things to the advantage of all learners.
In 2022 we received new language books for English Home Language gr 10 from the Smile Foundation. All mathematics' textbooks had been newly sources for gr 10 – 12. Hierdie boeke moet diens doen vir ons leerders vir

die volgende paar jaar, so ons rig ‘n ernstige versoek op ouers om seker te maak dat jou kind se handboeke alles oorgetrek is en dat u kind mooi daarna sal kyk.

NOODHULP
Altesaam 25 leerders het hul Vlak 1 Noodhulpeksamen en – prakties gedoen en met 80% geslaag. Een personeellid het haar Vlak 3 weer opgedateer. Leerders het tydens verskeie hokkie-, rugby-, netbal- en fietsrydae diens gedoen. Hierdie werk is noodsaaklik om sportdae te kan aanbied.

MATRIEKAFSKEID 2022
Trio se eerste amptelike matriekafskeid is gehou op 23 September 2022. Ten spyte van al die uitdagings was die geleentheid ‘n groot sukses onder die leiding van ons Graad 11-ouers en registerpersoneel.
Die aand het begin met die leerders wat op North High School se velde aangekom het met die mees spoggerige motors. Motorfietse, trekkers, luukse motors en vele meer was hier besigtig deur die publiek. Ouers en matrieks het die geleentheid gekry om ‘n skemerkelkie saam te geniet terwyl die skouspelagtige toneel voor hul afgespeel het. Matrieks is na die opening na die Johan Slabbert saal waar die tema ”DROOM IN GOUD” aan hulle bekendgestel is. Hier het die matrieks ‘n heerlike driegang maaltyd ontvang en het die aand verder geniet op die dansbaan.
Die aand was vir elke matrikulant ‘n baie spesiale geleentheid wat altyd by hulle sal bly. Ons wil ook ons Graad 11-ouers en registerpersoneel bedank vir die moeite en tyd wat hulle ingesit het. Trio waardeer julle.

SKAAK
Trio Hoërskool het in 2022 ingeskryf in die Lejweleputswa Distrik Skaakliga. In die Fezile Dabi is daar geen georganiseerde skaakliga wedstryde nie. Ons het twee spanne ingeskryf een is ‘n senior span en die ander een is ‘n junior span gewees.
Dit het veroorsaak dat ons teen skole van Welkom en omliggende dorpe gespeel het.
Ons eerste wedstryd sou gewees het teen Paul Erasmus Hoërskool van Senekal, maar weens vervoer problem kon hulle nie na ons toe kom nie.
Ons tweede wedstryd was teen Welkom High, en hulle het hier teen ons gespeel. Ons het verloor maar dit was ‘n baie goeie ondervinding vir die kinders wat vir die eerste keer aan ‘n liga wedstryd deelgeneem het.
Ons derde wedstryd sou gewees het teen Hoopstad Hoërskool wat op Hoopstad sou plaasvind maar weens die feit dat hulle net een span, wat ‘n junior span is, het ons nie teen hulle gespeel nie.
Ons laaste wedstryd was teen Welkom Gimnasium en hulle het hier teen ons gespeel. Ons het weer verloor maar baie beter gevaar as die vorige wedstryd.
Opsommend kan ek noem dat die skaak in pouse tyd in die klas geoefen word en Woensdag aande is daar ook oefening in die klas. Wat ons egter kort is ‘n afrigter wat die kinders in die fynere kuns van skaak kan onderrig. Ek hoop ons kan in 2023 iemand kry wat ons kan help

VCSV/UCSA
Die eerste vergadering van die jaar is gehou op 2/4/2022. Ons het idees uitgeruil en die reëlings vir die jaar bespreek. Ons het die eerste kwartaal besluit om op te deel in ses komitees wat bestaan het uit ‘n hoofleier en vier kringleiers. Elke komitee het ’n spesifieke verantwoordelikheid ontvang wat hulle gedurende die kwartaal moes uitvoer. Hierdie struktuur het uitstekend gewerk en sodoende kon ons al die kringleiers betrek en akkommodeer. Ons het daarop gefokus om die spesifieke strukture op te bou sodat ons in die tweede kwartaal dit vloeiend kon laat hardloop en maksimum doeltreffendheid kon bereik. Ons het ook tydens die kwartaal opleiding ontvang wat deur Lulu aangebied is. Dit was belangrik om eenheid te vorm tussen al die kringleiers. Daar is ook vir die onderwysers iets spesiaal gedoen deur vir hulle te bid en ‘n geskenkie te gee
In die tweede kwartaal het ons op 20/4/2022 ’n Marshmallow/worship aand gehad waar daar ’n gasspreker kom praat het. Daar was 250 kinders by die byeenkoms. Ons as skool het op 22/4/2022 gewone klere aangetrek en donasies is ingesamel vir die uitreik wat gehou is. Ons het ±500 blikkies kos ingesamel en ±12 swart sakke klere. Op 22/4/2022 is die Ouetehuis en Huis Eden besoek om die donasies uit te deel. Op 20/05/2022 het al die kringleiers bymekaargekom vir ’n sosiale byeenkoms om mekaar te versterk en te motiveer.
Tydens die derde kwartaal is ‘n Testimony aand gehou op 27/7/2022. Nelmari en Anton Nel het met ’n groep van 100 kinders hulle testimonies kom deel. Gedurende die aand was daar ‘n sanggroep van Moreleta park wat die lof en aanbidding gelei het. Die kringleiers het in twee groepe opgedeel en op die 2de en 3de Augustus twee kinderhuise in die dorp besoek. Daar is klere wat die vorige week ingesamel is en lekkergoed uitgedeel, asook speletjies met die kinders gespeel. Die “caregivers” het die 10de Augustus tydens pouse vir die matrieks ‘n geskenkie gegee om sterkte te sê met die rekordeksamen. Daar is ook tydens die pouse geloof en geprys. Die 17de Augustus het die “caregivers” groep vir al die kringleiers ’n pen en Bybelvers gegee om hulle te bemoedig. ‘n Christenorganisasie, Creare, het die koshuis die aand besoek om ‘n boodskap te gee.

SCHOOL BASED SUPPORT TEAM
We are a team of teachers that are supported by various institutions, dedicated to identifying and supporting learners that exhibit academic, behavioural or emotional problems. Aiming to provide early systematic assistance to learners and to connect them to appropriate interventions and support.
Mammas-wat omgee is’n groepie van ma’s wat elke Maandag oggend voor werk bymekaar kom om die leerders, personeel, skoolaktiwiteite, bestuur en ouers aan ons Hemelse Vader op te dra.

Leerders met skolastiese probleme soos ADHD, leerprobleme asook emosionele probleme word deur die skoolgebaseerde ondersteuningsspan ondersteun. Die nood in ons skool het aansienlik vermeerder. Ouers se onbetrokkenheid laat groot leemte by ons kinders se opvoeding. Ons kinders het 'n behoefte aan sekuriteit, waardes en liefde. Afwesigheid van veral geestelike leiding in huise laat die kinders sonder raamwerk waarvolgens hul kan lewe.

Care in our school is about the mental, emotional and physical needs of our learners. We are very grateful that we can use the professional support for learners who experience problems.

Services at our school: Emotional support

Dr. Hannes Els and Me. Megan Botha play an important and supportive role by visiting our school weekly as a counsellor. They counsel learners through weekly appointments, which are proven successful from the positive feedback from the students, teachers and parents.

Me. Janine Oelofse, from the Free State Care in Action, supports the Trio learners with all social services needs.

Food and Basic Needs support

Some of our learners get a free meal each day, which is sponsored by different institutions in Kroonstad. Various institutions and sponsors help to meet learners' basic needs, regarding clothing, sanitary products etc. This support fund is strengthened by each generous contribution. None of us can fully succeed when our basic needs are not met.

Akademiese ondersteuning - Konsessies

Na magtiging van die departementele ondersteuningsdienste, akkommodeer Trio talle leerders met leerhinder-nisse, in terme van lesers; skrywers en ekstra tyd.

BEMARKING

Bemarking was hierdie jaar uit sy sokkies geseën. In die afgelope 10 maande het HOËRSKOOL TRIO hoogtes bereik wat min skole oor kan spog! Ons kan nét vir die Here dankie sê hiervoor. Sonder ons betrokke ouers, personeel, besighede, boere, oud-skoliere en 'n puik Beheerliggaam wat voorgevat het, sou min van ons drome gerealiseer het.

May 2023 be another blessed year for us, may everyone's heart already beat TRIO and may we take Trio High School to greater heights!

Please follow our Facebook page for all the news from Hoërskool Trio!

ATLETIEK

Die nuwe atletiekseisoen het reeds in Oktober 2021 afgeskop met 'n paar voorseisoen byeenkomste waaraan van ons atlete deelgeneem het en goeie plestasies behaal het.

Die 2022 aletiekjaar het soos gewoonlik met die Kleuratletiekbyeenkoms te Loubserpark begin. Na twee seisoene van geen deelname, het ons atlete gewys dat hul uitgehonger is vir atletiek en dat 'n goeie seisoen voorlê. Die Blou-span het die eerste jaar van Hoërskool Trio se bestaan, met die louere wegestap as wenners van die Kleuratletiekbyeenkoms.

Hoërskool Trio se atlete het gedurende die seisoen aan verskeie Uitnodigingsbyeenkomste en spankompetisies deelgeneem en goeie prestasies behaal.

Tydens die streek-, provinsiale- en nasionele byeenkomste het ons atlete die volgende goeie prestasies behaal:

Moqhaka Hoërskole Kampioenskappe:

Atlete behaal 140 plekke - 66 eerste plekke, 50 tweede plekke en 24 derde plekke.

98 Alete kwalifiseer vir die Fezile Dabi-byeenkoms.

Fezile Dabi Atletiekkampioenskappe:

Atlete behaal 74 medaljes – 28 goud, 23 silwer en 23 brons. 56 Atlete kwalifiseer vir die Vrystaat Interhoër Kampioenskappe. Merinda Cronje behaal twee plekke onder die Top 10 prestasies tydens die byeenkoms, nl. 9de in die spiesgooi en 10de in die gewigstoot vir dogters O/17.

Hoërskool Trio eindig in die algehele 2de plek naas Hoërskool Sasolburg.

Vrystaat Interhoër Kampioenskappe:

Atlete behaal 8 medaljes – 3 goud, 3 silwer en 2 brons.

Medaljewenners is as volg: Johané Jonker (o/14) Silwer – Diskus; Merinda Cronje (O/17) Goud – Spiesgooi, Burnette Staal (O/17) Silwer – 400m hekkies; Ilani Klopper (O/19) Goud – Hoogspring; Megan van Biljon (O/19) Brons – Verspring; Franco de Wet (O/15) Goud – Spiesgooi; Reghardt du Plessis (O/15) Brons – Hoogspring en Thuto Kekane (O/16) Silwer – Verspring.

SA Skole Atletiekkampioenskappe:

Vier van Hoërskool Trio se atlete is in die Vrystaatspan opgeneem wat aan die SA Skolekampioenskappe te Germiston deelgeneem het.

Merinda Cronje (O/17) 4de – Spiesgooi; Megan van Biljon (O/19) 7de – Verspring; Tshepang Mofokeng (O/15) 100m en Thuto Kekane (O/17) 100m.

ASA Jeug en Junior Kampioenskappe:

Merinda Cronje is in die Vrystaatspan opgeneem wat aan die SA Jeug en Junior Kampioenskappe te Potchefstroom deelgeneem het. Sy behaal die 1ste plek in die Spiesgooi vir dogters O/18.

Baie geluk aan al die atlete wat puik presteer het en Hoërskool Trio se naam hoog gehou het.

'n Woord van dank aan al die onderwysers, buite-afrigters en ouers wat baie tyd opoffer om die atlete af te rig en na byeenkomste te vergesel.

SWEM
Tydens die NVS skole gala is vyf van Trio se swemmers gekies vir die NVS skole swemspan. Hulle in Bloemfontein aan die Vrystaat Interhoër gaan deelneem en uitstekend gevaar. Tussen hierdie vyf swemmers het Trio drie silwer en vier bronsmedaljes huistoe gebring.
Charmae Donald het twee goue medaljes tydens die Vlak 3 swemkampioenskap verower en Anika Serfontein het drie goue en 1 silwer medalje tydens die Vlak 2 swemkampioenskap verower.

FS LIFESAVING
Lifesaving is a basic skill that swimmers can apply wherever they go. Each one of them has to pass a junior or senior lifeguard exam with 80% and do 30 hours compulsory duty at a pool or open water event. Our Senior Lifesavers do their International Senior Lifeguard Award and with that they can apply for a lifesaving job anywhere in the world.
Prince Radebe completed his Lifesaving exam and practicals and passed with flying colours.
During the North West Lifesaving Trials Prince was selected as part of the North West Lifesaving Team. He competed at the Inter Provincial Lifesaving Championships in PE. He won a gold medal in the Line Throw event. He also competed as a team member of North West Lifesaving Team and won 2 silver medals at the SA Lifesaving Championships in Stellenbosch in August.

TWEEKAMP
Hoërskool Trio het ‘n uitstekende tweekamp seisoen agter die rug. Verskeie leerders het baie goed tydens die proewe in Kroonstad gedoen. Twaalf van ons leerders was ook as deel van die Noord-Vrystaat Tweekamp span gekies wat in Gqeberha (Port Elizabeth) gaan deelneem het aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe. Hulle is: AJ van den Berg; Killean Kriek; Ernst Eloff; Elisna Eloff; Chene Jacobs; Zanri de Witt; Rahn van Aswegen; Ruan Jacobs; Charmae Donald; Johan Kriel; Cobus Kriel; Rian Hunt (ongelukkig nie teenwoordig nie, wel deel van span as gevolg van persoonlike omstandighede).

LANDLOOP
Hoërskool Trio het ‘n uitstekende landloop seisoen agter die rug. Verskeie leerders het baie goed tydens die liga’s in Welkom gedoen. Drie van ons leerders was ook deel van die span wat in Bloemfontein gaan deelneem het aan die Vrystaatbyeenkoms. Hulle is: Ernst Eloff; Rethabile Rathebe; Neo Jane.

GHOLF
Die gholf hierdie jaar het goeie belangstelling getoon van leerders af. Daar Was genoegsame spelers om 3 spanne te kon volmaak konstant.
Ons het deelgeneem die jaar aan die Noord Vrystaat Gholf liga waarby ons meegeding het met verskillende skole in die area. Daar was 5 rondtes gewees in die jaar vir die liga.
Die Eerste span was in ‘n aparte liga wat meer georiënteerd was na toernooi regulasies waarby hul goed hul kant gebring het teen baie goeie kompetisie.
Die Tweede span het deelgeneem aan ‘n IPA formaat waarby ons algeheel derde plek geëindig het.
Die derde span het deelgeneem slegs as vriendskaplik en ontwikkeling vir nuwe spelers.
Ons het probeer die jaar om soveel aandag en belangstelling te kweek vir die sport. Daar was gereeld elke week oefening en goeie opkoms van leerders af. Die doel die jaar was nie om net te kompeteer nie maar om leerders wat nog nooit aan die sport blootgestel was nie te leer en ‘n liefde vir die sport te koester vir die toekoms van ons Gholf by Trio. Ons het op algemeen 10 leerders gehad wat konstant kon deelneem en oefen.
Ons sien uit vir die komende jaar met groot planne wat nog in die pyplyn is om nog beter en hoër resultate te kan bereik met die Gholf van Trio.

KRIEKET
Trio krieket het in die eerste deel van 2022 gewys ons kan meeding teen enige span. Baie van ons seuns is besig om pragtig te ontwikkel en dit kan raak gesien word in die resultate op die veld.
Ons het 5 krieketspanne wat aan die liga deelneem in die eerste en vierde kwartaal naamlik die Eerste span, Tweede span, 0/15A, 0/15B en Dogters krieket.
Ons Eerste span se liga het in die vierde kwartaal in 2022 begin en eindig die eerste kwartaal in 2022. Gedurende die eerste kwartaal was daar nog geen amptelike liga vir die spelers. Daar is wel ‘n paar vriendskaplike wedstryde gespeel en trio wen wedstryde teen St Doms, Witteberg, Goudveld en Fichardpark.
Die 0/15 A krieketspan is ‘n talentvolle klomp spelers wat stadig besig is om die krieket in ons streek te oorheers. Die span se liga begin die eerste kwartaal en eindig in die vierde kwartaal, In die vierde kwartaal sal seuns wel ‘n paar vriendskaplike wedstryde speel. Die span het wel vier wedstryde in die eerste deel van die seisoen gespeel en behaal oorwinnigs teen Goudveld en Heilbron. Ons sien uit daarna om nog groot dinge van die seuns te hoor.
Ons 0/15 B sal hul wedsrtyde sal amptelik in die vierde kwartaal begin. Ons tweede krieketspan het reeds met voorbereiding begin en wen hul wedstryd teen Viljoenskroon en verloor teen Kroonstad HUB se eerste span en Parys se eerste span.
Die dogters krieket is hard aan die werk en het het reeds ‘n opwarmings wedstryd gespeel teen Heilbron. Die dogters se liga begin ook amptelik in die vierde kwartaal.

Ons sien uit na ‘n uiterse opwindende 2022/20223 seisoen en glo dat alles weer en volle sal herstel. Ons beplan om spelers in 2023 meer geleenthede te bied om hul krieket talent ten volle te ontwikkel deur middel van ‘n hoë vlak van afrigting en vir die spelers geleentheid te bied om hulsef te meet teen van die beste spanne. Die eerste span sal gedurende die September vakansie aan Potch Gimnasuim deelneem waar hulle gaan kragte meet teen skole soos Boland Landbou en Brackenvel wat tradisioneel baie sterk krieket skole is.
Gedurende die Streek proewe is 10 van ons seuns en 6 van ons dogters gekies vir die Streekspanne wat gaan deelneem aan die Vrystaat Platteland proewe. Vir die onder 16 is dit Franco De Wet, Danie Fouche, Thuto Kekena, Werner Saunderson, Herman Kleynhans en Byron Magerman. Die onder 19 is Louis Boshoff, Ignus De Wet, BJ Pelser en Ruben Claassen.
Maselaelo Mashamaite, Riandri De Jager, Jachelle Nel, Anje Coetzer Dorette Fourie en Janke Marx is in die Fezile Dabi Dogters span ingesluit.
Louis Boshoff en Thuto Kekane is gekies in die Vrystaat Platteland spanne wat aan die Amptelike Vrystaat proewe gaan deelneem.

RUGBY
Die 2022 rugby seisoen was een vir die boeke. Hoërskool Trio het beslis sy merk gelos op Vrystaat rugby. Trio High School competes in the A-division of the Griffons league that comprises of Hoërskool Voortrekker, Hoërskool Witteberg, Welkom Gimnasium, Hoërskool Goudveld, Hentie Cilliers en dan natuurlik Hoërskool Trio. Hoërskool Trio het in 4 van ‘n moontlike 5 semi-finale meegeding. 2 spanne vorder na die finaal, die tweede en die eerste span. Trio se eerste span kraai toe ook koning in ‘n naelbyt eindstryd teen Voortrekker. Die eerste span sal dan ook aangaan om die Kovsie liga se A-divisie te wen. The final was played in Bloemfontein against Jim Fouche. The win was a truly historic moment for Kroonstad rugby.
Verskeie leerders is ook gekies om die Griffons te verteenwoordig by die jaarlikse inter-provinsiale kompetisie. Cravenweek 0/19 spelers sluit in Anrhu Mulder, Kaleb Kriek, Machiel Heyns en Shelton Basson 0/19 Akademie week spelers is Piet van Rensburg, Thapiwe Mavhiye en Conrad Hattingh (kaptein). The 0/16 A team included Ethan van Wyk, Pieter van Schalkwyk en Byron Magerman. 0/16 B team included JP Botha, Mpho Mathiwe, Heinrich Loubser, Ethan Smith, and Thuto Kekane. Mnr Morne Kymdell is ook aangewys as die afrigter van die 0/16 B Griffon rugbyspan.
Die skool se goeie vertoning in die 2022 seisoen is een van die faktore wat daartoe aanleiding gegee het dat Hoërskool Trio vanaf 2023 in die Westgrow liga ook gaan deelneem. Ons is opgewonde oor die ekstra blootstelling wat hierdie aan ons rugbyspelers gaan gee.
We are excited and humbled by the success of this season and it is with anticipation that we look forward to an even better season in 2023.

7`S RUGBY
Die Sewes seisoen het afgeskop met `n groot tuis byeenkoms deur Hoërskool Trio. Die Trio Blitz Toernooi was `n groot sukses en het 28 rugbyspanne ingesluit.
Die 0/17 A`s het derde plek behaal en die 0/17 B`s het die shield finaal gewen.
Ons 0/15 A`s het die plaat finaal gewen en die 0/15 B`s die shield finaal.
Die naweek na die Blitz Toernooi het ons seuns in Witteberg gaan deelneem waar ons 0/17`s ons trots gemaak het om teen Hoërskool Welkom Gimnasium in die Cup finaal te speel. Ons seuns het 2de in hierdie toernooi geeindig.
Die seisoen het afgesluit waar die twee spanne voortgebou het op hul sukses en by Hoërskool Brandwag puik vertoning gelewer het. Die 0/17`s het die plaat finaal gewen en die 0/15`s die bowl finaal.
Na die kort en kragtige seisoen glo ons dat hierdie groep seuns die vaardighede sal oordra na die rugbyseisoen in 2023.

NETBAL
2022 Netbalseisoen ‘n eerste vir Trio!
Ons begin ons netbalseisoen met n netbalkliniek aangebied deur die voormalige SA Protea speelster en voormalige SA afrigter Elize Kotze. Ons spelers het daar waardevolle ondervinding opgedoen.
Veertien van ons spelers is vir die Fezile Dabi spanne gekies, om aan die Vrystaatproewe deel te neem. Drie van ons spelers, word gekies om die verskeie Vrystaatspanne te verteenwoordig by die SA skole kampioenskappe in Boksburg. Mev. Nastasha Kymdelle is gekies as afrigter om die 0/18 Cheetha-span te vergesel, baie geluk.
Jaquars 0/18 - Ilani Klopper
Jaquars 0/16 - Eby-Lee van Wyk
Lynx 0/14 - Wilri Crous
Baie geluk ons is trots op julle!
Ons 0/14 A, 0/15 A, 0/16 A en ons eerste span kwalifiseer almal om aan die Vrystaatbeker deel te neem, wat in Bloemfontein aangebied is. Ons spanne vaar uitstekend.
1ste Span eindig 6de; 0/16 A eindig 7de; 0/15 A eindig 8ste; 0/14 A eindig 7de
Ons is ongelooflik trots op ons spelers se prestasies!
Ons 1std span het in April aan die Standerdbank Netbaltoernooi by Sentraal deelgeneem, daarwas sterk spanne reg oor die land, ons meisies het hul goed van hul taak gekwyt.
Ons Fast 5 liga skop af in Augustus en ons 0/15 en 0/17 spanne eindig beide 2de in die Fezile Dabi liga en dringdeur na die Vrystaatkampioenskappe. Die 0/17 span eindig 5de. Ons is baie trots op ons 0/15 span wat die

Vrystaatkampieonskappe wen en verteenwoordig Trio by die SA Kampieonskappe in Boksburg. Hulle eindig 18de in SA.
Groot dank aan die afrigters mev. Juanita Kriel en Ananda Loubser die spanbestuurders mej. Ananke Loubser en mev. Lizel van Biljon wat die span vergesel het.
Ons eerste Trio Blitz Toernooi is n groot sukses! Die 0/15 span wen die 0/15 afdeling en ons 0/17 span eindig 3de in hul afdeling. Trots op elke speler en afrigters.
Baie dankie aan ons borge wat besondere geleenthede aan ons spelers bied. Ons is opreg dankbaar vir julle ondersteuning en lojaliteit!
Verder wens ons ook die volgende buiteafrigters te bedank: mev. Sorita Rautenbach (0/14 A en B), mev. Marie Cronje (3de en 4de span) en mev. Ilse van Zyl (1ste en 2de span) ons waardeer jul tyd en opofferings. Dankie ook aan ons buite skeidsregters mev. Sarita du Plessis, mev. Sandra Mienie en mev. Samatha Myburg wat vir Trio optree. Sonder julle sou ons werk nie so vlot kon verloop nie.
Verder wil ons ook die Trio se personeel bedank vir soveel toewyding en positiewe gesindhede. Julle opofferings en insette word opreg waardeer!
Mev. Ananda Loubser (0/14 A en B)
Mej. Ananke Loubser, mev. Dané Alhers en mej. Kyla (0/14 C en 0/15 C).
Mev. Juanita Kriel en mev. Carnia Prinsloo (0/15 A en B)
Mej. Yolandi de Villiers en mev. Janiné Nice (0/16 A en B)
Mej. Anika Els (3de en 4de span)
Baie dankie aan mev. Lizel van Biljon vir haar insette by ons netbal dit word opreg waardeer.
Aan al die graad 12 spelers sterkte met julle toekoms, mooi loop!

Fezile Dabi liga

0/14 A 2de in liga; 0/14 B Ligawenners; 0/15 A 2de in liga; 0/15 B ligawenners; 0/16 A 2de in liga; 0/16 B Ligawenners; 2de Span Ligawenners; 1ste-span 2de in liga

Vrystaatbeker

0/14 A eindig 7de; 0/15 A eindig 8ste; 0/16 A eindig 7de; 1ste-span eindig 6de

HOKKIE

SEUNSHOKKIE

Hoërskool Trio spog met ‘n briljante seunshokkiejaar.
Ons o/14 seunspan speel 5 liga wedstryde waarvan hulle 4 wen en 1 verloor. Hulle kwalifiseer om te gaan deelneem aan die Vrystaatbeker. By Vrystaatbeker speel hulle 3 wedstryde waarvan hulle 1 gelykop speel en 2 verloor. Ons seuns eindig 4de in die Vrystaat.
Ons o/16 seunspan begin hulle seisoen met ‘n toer aangebied deur Nedstar in Pretoria. Op hierdie toer speel hulle 7 wedstryde waarvan hulle 5 wen, 2 verloor, 1 gelykop speel en 3de eindig. In hulle liga-finaal wen hulle teen Sasolburg, en kwalifiseer om te gaan deelneem aan die Vrystaatbeker. By Vrystaatbeker speel hulle 3 wedstryde waarvan hulle 1 wen, 1 gelykop speel en 1 verloor. Ons seuns eindig 3de in die Vrystaat en 33ste in die land.
Ons o/18 seunspan begin hulle seisoen met ‘n toer aangebied deur Nedstar in Pretoria. Op hierdie toer speel hulle 7 wedstryde waarvan hulle 6 wen, 1 verloor, in die finaal speel en 2de eindig. Verder neem hulle deel aan die Vaal Driehoek toernooi, aangebeid deur Hoërskool Sasolburg, waar hulle in 3 wedstryde speel en alles wen. In hulle liga-finaal wen hulle teen Sasolburg, en kwalifiseer om te gaan deelneem aan die Vrystaatbeker. By Vrystaatbeker speel hulle 2 wedstryde, teen Grey College en Voortrekker, en verloor altwee naelskraap. Ons seuns eindig 3de in die Vrystaat en 44ste in die land.
Ons 2de seunspan speel 3 liga wedsrtyde waarvan hulle 2 verloor en 1 wen.
Ons spog ook met die volgende seuns in onderskeie NFS-spanne:

NFS o14 A

WJ van Niekerk; Xian Victor; Jumar du Plooy; Johan van Wyk; Orabile Motupi; Georgio du Plessis; Maverick Mostert

NFS o16 A

Xavier Rich; Ivan de Bruyn; Jaco Kleingeld; Christian vd Ross; Lesedi Matseliso; Vusi Kumalo; Jandre Meintjies Stefan Esterhuizen; JJ Verster

NFS o18 A

Louis Cronje; Danie Schoonraad; Gift Kechane

DOGTERSHOKKIE

Hoërskool Trio spog met ‘n uitstekende dogtershokkiejaar.
Ons o/14 dogterspan speel
Hulle kwalifiseer om te gaan deelneem aan die Vrystaatbeker. By Vrystaatbeker speel hulle 3 wedstryde waarvan hulle onglukkig al 3 verloor en 4de eindig.
Ons o/16 dogterspan begin hulle seisoen met ‘n toer aangebied deur Nedstar in Pretoria. Op hierdie toer speel hulle 7 wedstryde waarvan hulle 5 wen, 2 verloor, 1 gelykop speel en 3de eindig. Verder neem hulle deel aan die SPAR toernooi, aangebeid deur Hoërskool Transvalia, waar hulle in die finaal gespeel het en tweede geëindig het. In hulle liga-finaal val hulle ongelukkig vas teen Sasolburg, maar kwalifiseer om te gaan deelneem aan die Vrystaatbeker. By Vrystaatbeker speel hulle 3 wedstryde waarvan hulle 1 wen, 1 gelykop speel en 1 verloor.

Ons o/18 dogterspan begin hulle seisoen met 'n toer aangebied deur Nedstar in Pretoria. Op hierdie toer speel hulle 8 wedstryde waarvan hulle 5 wen, 2 verloor, 1 gelykop speel en 4de eindig. Deur die jaar speel hulle in hulle liga-finaal val hulle ongelukkig vas teen Sasolburg, maar kwalifiseer om te gaan deelneem aan die Vrystaatbeker. Ons 2de dogterspan speel 3 liga wedsrtyde waarvan hulle 2 verloor en 1 wen.
Ons spog ook met die volgende dogters in onderskeie NFS-spanne:
NFS o14 A: Kaylie Steyl
NFS o16 A: Makayla Bouwer
NFS o16 B: Kaylen Human
NFS o18 B: Rethabile Rathebe

TENNIS
Tennis het hierdie jaar sommer vroeg afgeskop met die Fezile Dabi proewe wat reeds op 18 en 24 Januarie plaasgevind het. Na die proewe is die volgende leerders in die Fezile Dabi-span ingesluit: Nikka TerreBlanche, Wilrie Crous, Kaylie Steyl, Rigard van Zyl (0/15), Burnette Staal, Henriette Crous, Jaco Kleingeld (0/17) en Marike van Schalkwyk (0/19). Hierdie spelers speel ook op Saterdag 13 Augustus teen Lejweleputswa in 'n interdistrikswedstryd wat hulle ongelukkig verloor. Hoërskool Trio speel ook elke Vrydag van 22 April tot 12 Augustus in die Fezile Dabi-liga teen Sasolburg Hoërskool, Hoërskool Parys, Salamon Senekal en Hoërskool Heilbron. Beide die 0/19 seuns- en dogtersspan sowel as die 0/15 seunsspan eindig tweede in die liga en die 0/15 dogtersspan wen hulle liga. Die 0/19 dogtersspan wat bestaan uit Henriette Crous, Berdine van Schalkwyk, Nikka TerreBlanche, Marike van Schalkwyk en Wilrie Crous neem ook van 7-10 Oktober aan die Wilson Skild tennistoernooi te Sun City deel. Die dogters speel teen Hoërskool Duineveld, Charlie Hofmeyr, Collegiate, Hoërskool Nelspruit en Trinity House. In hierdie wedstryde behaal die dogters gemengde uitslae.

JUKSKEI
Dit is vir my 'n groot voorreg om verslag te doen van Trio Jukskei.
Hiermee elke speler se deelname en prestasies aan die SA Junior Kampioenskappe : Desember 2021
0/16 Seuns A-span – verower goud
Danie Schoonraadt; Wian la Cock; Rigard van Zyl
Afrigter – Marietjie Herbst
0/16 Meisies A-span – verower silwer
Charne Smalberger; Heilie Els; Katryn Els; Lohane Baumgarten (k)
Afrigter – Jorinda Swanepoel
0/19 Akademie-span
Robbie Bantjes; Adriaan Terblance; Lukas Bezuidenhout; Ewald Erasmus
Spelers wat in die proefspanne opgeneem is.
Akademie-span:
Lukas Bezuidenhout; Adriaan Terblanche; Robbie Bantjes
0/16 spanne:
Lohane Baumgarten; Charne Smalberger; Danie Schoonraad; Rigard van Zyl
Afrigters:
Jorinda Swanepoel; Marietjie Herbst
Speler verkies in die SA-A span:
0/16 meisies - Charne Smalberger
Spelers verkies in die SA-spanne:
0/16 meisies – Lohane Baumgarten
0/16 seuns – Danie Schoonraad; Rigard van Zyl
Spelers opgeneem in die spanne vir die toer na Namibië:
0/16 meisies – Lohane Baumgarten
0/16 seuns – Rigard van Zyl (k)
Baie geluk met jul prestasies. Dit verg ure se oefening en harde werk.
LIGA – 2022 SEISOEN
Trio skryf in A en B afdeling in. Albei afdelings verower die goue medalje:

A-afdeling	B-afdeling
Charne Smalberger	Hannes Fourie
Danie Schoonraad	Katryn Els
Wian la Cock	Adriaan Terblanche
Rigard van Zyl	Robbie Bantjes
Lohanie Baumgarten	

FINALE KEURING VIR SA JUNIOR KAMPIOENSKAPPE – DESEMBER 2019
Die finale keuring vind plaas op 15 Oktober 2022. Al die spelers is genooi na die finale keuring.
Trio spelers sal ook goed verteenwoordig word tydens die Kampioenskappe,
ALGEMEEN
Ons het 'n spelertal van 9 gehad. Ons het 1 nuwe speler van Sentrale Volkskool gekry.
Aan elke speler – die resultate spreek van harde werk en pligsgetroue bywoning by oefeninge.
Aan die Ouers – baie dankie vir jul ondersteuning.

Mnr Kachelhoffer, baie dankie vir die ondersteuning.
Jorinda, baie dankie ook vir jul hulp.
Aan ons Hemelse Vader vir die talente wat Hy aan ons spelers gee, om ons geliefde sport te kan speel.
Afrigter: Marietjie Herbst

FIETSRY
Ons het 'n baie positiewe jaar ervaar met die feit dat ouers, personeel en Kroonstadfietryklub hande gevat het. Ons het ons eie baan van 3.4km op die Landbou terrein gemaak, daar het baie harde werk in gegaan en met die hulp van die maatskappye Premier Milling, CC Chickens en MBA Supplies het dit ons droom 'n werklikheid gemaak. Die feit dat ons 'n veilige plek het om te oefen het vir seker vir ons baie beteken, ons getalle het vanaf 10 ryers in 2021 tot ± 35 gegroei in 2022 waarvan ons Hoër- en Laerskool 15 ryers het wat kompeterend ry. Ons is dankbaar dat die laerskool ook inkoop in die sport en is baie opgewonde oor die ryers en onderwysers wat by ons aangesluit het en glo dat ons die sport net meer en meer sal groei.
Ons het ook, tedanke aan die harde werk van Mnr. Willie Stoman van Kroonstad Klub, drie fietse vanaf Lotto ontvang, wat ons vir kinders leen wat 'n probleem met hulle fietse ontwikkel gedurende die seisoen.
Ons het aan die FS skole reeks deel geneem wat oor 4 wedrenne gestrek het, Ond as Trio Hoërskool het algeheel 1ste geindig, met die seuns wat algeheel 2de en dogters algeheel 1ste was. Trio Laerskool het algeheel 6de geindig.

BOOGSKIET
Boogskiet het die jaar begin met 97 skuts maar weens n gebrek aan toerusting het ons aan die einde van die jaar slegs 36 skuts oor gehad. skuts het belangsteling begin verloor weens daar net 6 Boë is asook nie genoeg pyle was vir die skuts om almal efektief te kan oefen nie en meeste skuts moes sit en wag om 'n skiet kans te kry. Daar was 8 gewone kompetisies asook 3 3D kompetisies waaraan ons skuts deel geneem het en waarvan ons skuts 45 medaljes gewen het. 16 van ons skuts was ook uitgenooi na die Vrystaat Proewe waarvan 2 Vrystaat span gehaal het en tydens 5-7 Oktober aan die Nasionale kompetisie gaan deel neem het. Trio het hulle eerste boogskiet kompetisie die 9de April gehou waar by daar 68 skuts by ingeskryf was.

GEBOUE EN TERREIN
Alhoewel ons al baie vermag het op die terrein, is daar nog heelwat wat gedoen moet word. Tans is ons besig om die hele terrein met palissade te omhein sodat ons die leerders se veiligheid en sekuriteit op die terrein kan verbeter. Daar is begin om die dogterskoshuis se badkamers op te gradeer en instandhouding van koshuise en skoolgeboue word gereeld gedoen. Daar is uitdagings met die watersituasie, maar ons kon tot dusver alles hanteer. Dankie aan mnr Niel de Vos wat al baie vermag het met die watersituasie. Instandhouding is 'n nimmereindigende proses, maar ons doen ons bes om by alles uit te kom. Groot dank aan mnre Gerhard, Spamer, Danie van Wyk en die terreinpersoneel vir harde werk, ons netjiese terrein is 'n goeie advertensie vir Trio.

VERVOER EN BUSSE
Hoërskool Trio beskik oor 'n redelike groot vloot voertuie. Ons vlootbestuurder hou die voertuie in stand sodat ons leerders veilig vervoer kan word. Daar word ook gesorg dat alle voertuie padwaardig is en lisensiëring op datum is. Dankie aan elke personeellid wat bereid is om leerders te Vervoer en sorg dat hul "PDP's" op datum is.
Ons is tans besig om al die voertuie te "brand" en kan nie wag om die eindproduk te sien nie. Baie dankie mnr Niel de Vos en Charlie Miller vir julle harde werk.

TER NAGEDAGTENIS
Ons dink aan al ons leerders en personeel wat vanjaar hartseer beleef het deur 'n geliefde aan die dood te moes afstaan. Ons hoop dat u mooi herinneringe sal hê om aan vas te hou en dat die Here u sal vertroos.
Hoërskool Trio het 'n groot gees verloor. Charlie Miller, ons lojale en getroue busbestuurder, is oorlede. Ons innige simpatie aan sy familie. Charlie sal gemis word.

TER AFSLUITING
Dankie ook vir elkeen se bydrae om van TRIO 'n sukses te maak. Veral wanneer dit vir ons almal nuwe grond was om te breek. Om Landbou, Tegnies en Akademie as 'n geheel vorentoe te kan vat vra voorwaar van elke personeellid, ouer en leerder om as 'n span saam te werk. En ons kan trots die jaar afsluit met hoogtepunte op verskeie gebiede.
I was blessed to have a team with me, especially our SGB, that was a telling example that one person with commitment, accomplishes more than a thousand with an opinion.
Mag elkeen van ons, wanneer ons oor 20 jaar terugblaai in hierdie Jaarverslag, die mooi en goed waarmee ons geseën was, onthou. Ek glo dat vanjaar slegs die boustene van 'n sterk fondasie was waarop ons kan en gaan voortbou om TRIO die TOP-SKOOL in die Vrystaat en Suid-Afrika te maak!

HJ Kachelhoffer
SKOOLHOOF